Skrifgedeelte: Filippense 1:18-26

Fokusverse: Filippense 1:20-21

Tema: Wees met vrymoedigheid en met jou hele wese `n teleskoop- en mikroskoop-Christen vir Christus!

Dink hoe jy hierdie spasies sal invul: "Om te lewe is vir my_____, en om te sterwe, is vir my_____." Die woorde wat jy daar invul, bepaal hoe jy lewe, hoe jy sekere situasies in jou lewe beleef en hoe jy moeilike, swaar tye gaan hanteer. As jy, byvoorbeeld, sou sê: "Om te lewe is my werk..." dan bepaal jou werk jou lewe. Mens sal dan geneig wees om sekere verhoudings heeltemal af te skeep, omdat dit inmeng met jou werk. En wanneer die bedreiging van afdanking oor jou kop hang, sal dit vir jou voel asof jou hele lewe uitmekaar val.

As jy sou sê: "Om te lewe is my selfoon..." dan word jy vasgevang in die leefwêreld van jou selfoon. Daar is vandag navorsing wat bewys dat wanneer `n selfoon wegraak, kinders oor dit treur soos wat mens oor die dood van `n geliefde treur. En ander navorsing het bevind dat kinders, wat só vasgevang raak aan hulle selfone, dieselfde ontrekkingsimptome kry wanneer hulle lugtyd op is, as wat `n dwelmverslaafde kry wanneer hy probeer breek met sy verslawing.

As ons vir Paulus hierdie vraag sou vra, sou hy gesê het: "Om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins." Jesus Christus het Paulus se lewe bepaal. En juis omdat hy só met sy hele mens-wees op Jesus Christus gefokus het, was hy in staat om hier, waar hy in die tronk sit, te kon skryf oor vreugde en blydskap, want dit gaan nie oor hom nie, maar oor die eer wat Jesus Christus kan kry deur sy lewe.

Maar hoe kan ek en jy dan Jesus Christus verheerlik? Kom ek stel die vraag anders: hoe kan ek en jy hoop hê selfs al gaan ons deur baie moeilike tye? Deur jou hele wese, jou hele mens-wees, aan Jesus Christus oor te gee! Dit beteken nie dat daar nie moeilike, swaar tye gaan kom nie. Alles behalwe! Ons sal vanaand hoor dat daar juis moeilike tye gaan kom. Maar wanneer daardie moeilike tye oor jou kom, gaan dit nie meer jou gaan nie, maar oor Jesus Christus wat die Begin en Voleinder van jou geloof is.

Dit is wat dit beteken toe ons vroeër ons geloof bely het en toe ons gesing het dat my enigste troos in lewe en in dood is dat ek aan Jesus Christus behoort. My lewe gaan nie meer oor myself en wat ek moet bereik en wat ek moet doen nie. My lewe gaan oor Jesus Christus en wat Hy vir my gedoen het en wat Hy vir my gegee het en dat Hy Koning is - nie net oor die heelal nie, maar ook oor my lewe en my hart.

Wanneer Jesus Christus my lewe en my sterwe is, beteken dit dat die werk wat ek elke dag doen vir my die geleentheid gee om Jesus Christus met ander te deel deur my woorde en my optrede. Dit beteken dat ek my werk met toewyding en trots kan doen, want God stel my in staat om dit te kan doen. En wanneer Jesus Christus my lewe en my sterwe is, beteken dit dat my selfoon my in staat stel om met ander mense in `n verhouding te staan - `n verhouding waar dit duidelik word dat ek vir daardie persoon lief is en omgee, omdat God my eerste lief gehad het en Jesus Christus gestuur het om te sterf, sodat ek weer in `n verhouding met God kan staan.

As ons dan nou weet hoe ons Jesus Christus kan verheerlik, hoekom kan ek Jesus Christus verheerlik? Ons het dan sopas gesê dat wanneer ons op enige iets fokus wat ons as mense doen, ons altyd moedeloos en hartseer gaan raak in moeilike tye. Ons maak eenvoudig `n gemors van dit wat ons as mense dikwels aanpak. Hoekom kan ons dan Christus verheerlik?

Want Jesus Christus het jou in staat gestel om dit te mag doen! Jy kan sy Naam met alle vrymoedigheid groot maak, want Hy gee dit vir jou om sy Naam groot te maak. Toe Jesus Christus aan die kruis vir ons gesterf het, het Hy ons weer in die regte verhouding met God die Vader geplaas, sodat ons skoon en reg voor God staan. Ja, ons het steeds foute en ons doen steeds die verkeerde dinge, maar juis omdat Jesus Christus ons vrygekoop het, kan en mag ons voor God staan en het Hy ons klaar vergewe.

En juis omdat God ons só vergewe het, stel Hy ons aan om Hom te dien - met ons gebreke en tekortkominge word ons aangestel in die diens van profeet, priester en koning. God se genade is só groot dat Hy ons nie net vergewe nie, maar dat Hy ons ook in sy diens gebruik. Ten spyte van ons foute laat Hy sy Naam verheerlik word deur ons en wat met ons gebeur.

Wanneer jy begin twyfel dat God jou só gebruik, onthou dat die Heilige Gees as waarborg aan jou gegee is. Die Heilige Gees is ons Trooster wat ons juis troos wanneer ons worstel met hierdie stukkende wêreld en ons nie kan verstaan hoe God ons steeds kan gebruik nie. Juis dit is die wonderlike troos wat ons vroeër in die doop gesien het: God tree in `n verhouding met ons en niks kan daardie verhouding breek nie. Ons staan altyd in God se diens en ons kan altyd Jesus Christus verheerlik. Die Heilige Gees herinner ons daaraan dat Hy vir ons gee wat ons reeds in Jesus Christus het: dit is die vergewing van ons sondes en dat ons lewe elke dag nuut gemaak word.

Maar wat beteken dit om Jesus Christus te verheerlik? Dit is soos `n teleskoop en `n mikroskoop. `n Teleskoop maak `n ster wat baie ver is, vir ons duidelik. Die ster is klaar groot en mooi. Al wat die teleskoop doen, is dit maak die ster vir ons duideliker en bring dit vir ons nader. Wanneer ons Christus verheerlik beteken dit ons moet soos `n teleskoop wees. Vir baie mense rondom ons is Jesus maar `n ver-af figuur in die geskiedenis en wat Hy gedoen het, hoort vir hulle in die geskiedenis. Om `n teleskoop-Christen te wees, beteken dat ek dit wat Jesus Christus daar in die verlede vir ons gedoen het en wat Hy geleer het, vandag sal leef. Só laat jy Jesus Christus vir daardie persoon naby kom.

Maar om Jesus Christus te verheerlik beteken ook dat jy `n mikroskoop-Christen moet wees. `n Mikroskoop maak klein dinge, baie groter. Vir baie ongelowiges (en selfs vir sommige naam-Christene) is Jesus Christus `n klein figuur wat nie eintlik enige invloed op hulle lewe het nie. Om `n mikroskoop-Christen te wees, beteken dat dit duidelik sal wees dat Jesus Christus jou lewe bepaal: Hy is Koning oor jou lewe en jy lewe vir Hom! Só word dit duidelik vir daardie mense dat die klein Jesus wat hulle in gedagte het, in werklikheid die groot Koning van die heelal is.

Dit is Jesus Christus wat jou weer in `n verhouding met God gebring het en juis om hierdie rede moet Hy jou lewe en sterwe bepaal. Dit is Hy wat vir jou die vrymoedigheid gee, omdat Hy klaar vir al jou sondes betaal het en wat jou terug gebring het in `n dienskneg-verhouding met God. Wees daarom `n teleskoop- en mikroskoop-Christen wat Jesus Christus vir die wêreld rondom jou duidelik en groot maak!

Amen